Salaristabel vir Predikante – 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Traktement – 6,5% verhoging

Die aanpassing vanaf 1 Maart 2018 in die salaristabel vir predikante is 6,5% op Kerf 1 en Kerf 15b (die topkerf). Predikante wat nog nie op die topkerf is nie, kry ’n aanpassing én skuif met een kerf aan. Dié gesamentlike verhoging is dan 10,7%. Nuwe aanstellings begin op Kerf 1 in **Tabel B** – of op ’n hoër kerf soos die Kerkraad mag besluit.

Om die tabel te lees: Vind die **huidige salaris** in **Tabel A**. Die salaris vir die 2019 finansiële jaar is een ry af in **Tabel B**. ’n Predikant op **Kerf 1** in 2018 (Tabel A) skuif na **Kerf 2** in 2019 (Tabel B). As die salaris nou R18 360 (Kerf 6 in Tabel A) was, word dit R20 330 (Kerf 7 in Tabel B). Dit is ’n inflasie aanpassing én ’n kerfverhoging – saam 10,7%). ’n Predikant wat reeds op topskaal R27 800 is (tans Kerf 15 in Tabel A), kry ’n 6,5% aanpassing en is nou op Kerf 15b (R29 610) in Tabel B.

Tabel A – 2018 (01/03/2017-28/02/2018)		
KERF	**SALARIS PER JAAR (13 x maand)**	**SALARIS PER MAAND**
1	178 100	13 700
2	184 210	14 170
3	197 860	15 220
4	211 510	16 270
5	225 160	17 320
6	238 680	18 360
7	252 330	19 410
8	265 980	20 460
9	279 630	21 510
10	293 280	22 560
11	306 800	23 600
12	320 450	24 650
13	334 100	25 700
14	347 750	26 750
15	361 400	27 800

Tabel B – 2019 (01/03/2018-28/02/2019)			
KERF	**SALARIS PER MAAND**	**SALARIS PER JAAR (13 x maand)**	**%**
1	14 590	189 670	6,5%
2	15 140	196 820	10,5%
3	15 690	203 970	10,7%
4	16 850	219 050	10,7%
5	18 010	234 130	10,7%
6	19 170	249 210	10,7%
7	20 330	264 290	10,7%
8	21 490	279 370	10,7%
9	22 650	294 450	10,7%
10	23 810	309 530	10,7%
11	24 970	324 610	10,7%
12	26 130	339 690	10,7%
13	27 290	354 770	10,7%
14	28 450	369 850	10,7%
15a	29 610	384 930	10,7%
15b	29 610	384 930	6,5%

Voertuig- en vervoertoelae – gebruik die SAID se tabel

Die gebruik is tans dat die Algemene Sinode die SAID se reiskoste-tabel gebruik, maar die vorige jaar s’n, omdat die nuwe tabelle eers laat in Februarie bekend word. **Die ideaal is dat die voertuig- en vervoertoelae wat die predikant kry, met die korrekte finansiële jaar se reiskoste-tabel van die SAID ooreenstem**. Die SAID se tabelle gee die vaste koste asook die brandstof- en onderhoudskoste vir verskillende prysklas voertuie. Die Algemene Sinode reken dat ’n geskikte voertuig dié in Klas 3 is (ongeveer R200 000). ’n Skatting van R1,71 p/km (R9 091 per maand vir 18 000 km) sal nie ver uit wees nie. Indien ’n gemeente nie wil wag vir 2019 se tabel nie (einde Februarie 2018) kan die huidige finansiële jaar se tabel gebruik word. Die volgende tabel gee geskatte syfers vir die 2019 finansiële jaar en 2018 se werklike syfers:

Finansiële Jaar	**Vastekoste**	**Aantal kilometer**	**Koste per km**	**Totaal**	**Maandeliks**
Skatting: 2019	± R77 500	18 000 km	± R1,71 p/km	± R109 088	± R9 091
2018	R73 427	18 000 km	R1,56 p/km	R101 507	R8 459

Reiskoste – rings- en sinodale vergaderings = R2,50 p/km

Die reistoelaag vir die bywoon van vergaderings van die Ring en die Sinode bly **R2,50** per kilometer vir ontvangers van ’n voertuig- en vervoertoelae. Persone wat nie self die vaste koste komponent ontvang nie, ontvang steeds **R3,00** per kilometer.